

Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Julie 2009
Jaargang 102 Nummer 4



Toe Hy hulle voete klaar gewas het, sê Hy vir hulle:
"Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?"
Uit Johannes 13: 12



Lees binne...

- Die gemoedslewe van Calvyn
- Bullinger en Calvyn
– bladsy 3
- Studente aan die woord
– bladsy 4
- Calvynkongres in 2010 in Bloemfontein
– bladsy 5
- Toer 'n Droom
- VTT 2009
– bladsy 6
- Lesersbriewe
– bladsy 7

Calvyn 500 jaar

In hierdie uitgawe

- BI 1 Om afhanklik te wees van God (Dr Hennie Botes)
Help (die gemeenskap van Orkney) asseblief!
- BI 2 **Van die redakteur, dr Gerhard Lindeque:** Laat ons saampraat
Voorwoord (Dr Christo Pretorius oor Calvyn)
- BI 3 Die gemoedslewe van Calvyn (Dr Hennie Botes)
Bullinger en Calvyn (Ds Rudi Schoeman)
- BI 4 **Op die kerkwerf**
Op die kampus: Studente aan die woord
Teologiese studente op kampus – die uitverkore of die verlore volk? (Marius Kramer)
Gelyktydig Tukkie en Hervormer (Elritia le Roux)
- BI 5 **Op die kerkwerf**
Kongresse en byeenkomste
Calvynkongres in 2010 in Bloemfontein
(Ds Lewis Strauss)
Seniorbediening in die Hervormde Kerk (Magda van Deventer)
- BI 6 **Wat kerknou aanbetref**
Toer die droom (Dries Beukes)
VTT 2009 (Ds Hennie Nel)
Beroep aanvaar
- BI 7 **Gespreksforum**
Vier lesersbriewe
Aftredebeplanning (Kobus Viljoen)
- Agterblad **Oordenking**
Die werk van God (Ds Jan van Staden)

Laat ons saampraat

Dr Gerhard Lindeque nooi lesers in sy redaksionele berig uit om saam te praat oor belangrike sake in die Kerk:

In u hand het u *Die Hervormer* met sy nuwe baadjie aan. Die buiteblad stem nou ooreen met die voorkoms van ander publikasies van die Kerk, naamlik die *e-Hervormer* en die webblaaie van die Kerk, *Die Hervormer* en *Konteks*. Hierdie maand se uitgawe fokus op die Kerkhervormer Johannes Calvyn in die lig van die herdenking van sy geboortedag 500 jaar gelede.

In die Gespreksforum vind u die versoek van die kerkraad van Schweizer-Reneke vir meer ruimte vir debatvoering in *Die Hervormer*. *Die Hervormer* wil graag 'n gebalanseerde weergawe van standpunte in die Kerk daarstel. Ons wil veral aan lidmate wat nie toegang tot die internet het nie, die geleentheid bied om van hulle te laat hoor. U as lesers is dus welkom om vir ons briewe, artikels en nuus aan te stuur. Soos u in hierdie uitgawe se Gespreksforum sal opmerk, is daar reeds 'n toename in lesers se betrokkenheid te bespeur. Die inhoud van *Die Hervormer* behoort hoofsaaklik beriggewend en relevant te wees. Lang en ingewikkelde artikels sal nie altyd gepubliseer kan word nie, en bydraes wat persoonlik gemik is, sal nie oorweeg word nie.

Om die betrokkenheid van lesers verder te stimuleer, wil ons u uitnoui om per SMS kommentaar te lewer oor die inhoud van *Die Hervormer* of om 'n standpunt te stel. Die nommer waarheen 'n SMS teen die normale tarief gestuur kan word, is **071 229 8903**. Dit sal dan geredigeer word en, indien goedgekeur, op *Die Hervormer* se webblad (**www.hervormer.co.za/kommentaar**) asook in die volgende uitgawe van *Die Hervormer* in 'n aparte kolom geplaas word. Neem van nou af gerus ook deel aan ons maandelikse leserskompetisie.

Dr Gerhard Lindeque

Voorwoord

Dr Christo Pretorius lei die artikels oor Johannes Calvyn soos volg in:

Die bestudering van Calvyn se teologiese insigte dien nie net die kerkgeskiedenis en die teologiese rimpeling daarvan nie: dit dra ook by tot die agenda vir ekumeniese gesprekke en die vestiging van ekumeniese bande. In die artikel van ds

Lewis Strauss is die impak van die 500-jarige gedenkviering en eweneens die Calvynnavorsing indrukwekkend. Tereg word verwys na die ekumeniese bande wat deur die Calvynnavorsing gesmee word.

Dr Hennie Botes bespreek onder die opskrif *Die gemoedslewe van Calvyn* die spiritualiteit van Calvyn. Calvyn se geloofsbeleving was nie op homself gekeer nie, maar 'n opsoek van God se genade en handeling. Daar word uit die persoonlike briewe en opmerkings gestel: *Dit gee blyke dat Calvyn 'n besonder sensitiewe mens was wat in 'n egte gevoelvolle verhouding met sy Heer gelewe het.*

Die gedenkviering en navorsing bevestig die dinamiek van die Calvynnavorsing om internasionaal en nasionaal verhoudings te skep. Relevante temas soos versoening, godsdiensvryheid en spiritualiteit geniet aandag. Vir lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk, kerkrade en predikantekomitees kan Calvyn se omgaan met die Bybel en die relevante perspektiewe eweneens tot bindende en vormende gesprekke lei.

LESERSKOMPETISIE

Wen 'n R100-geskenkbewys van CUM.
SMS die antwoord na 071 229 8903.

Vraag: *Wanneer is die Kerkhervormer Johannes Calvyn gebore?*